MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

13 Augustus 2021

**OB 25-2021: Sport**

Beste Ouers

Die beheerliggaam het besluit dat daar steeds geen sportoefeninge vir die volgende twee weke sal plaasvind nie. Die situasie sal dan weer beoordeel word en die inligting aan u deurgegee word.

Die positiewe getalle in die dorp bly hoog. Ons het tans geen leerders met 'n positiewe toetsuitslag nie, maar ons het verskeie leerders wat isoleer, aangesien familielede siek is of hulle kontak gehad het met iemand wat positief is.

Die skoolbestuur en beheerliggaam voel dat ons voorkomend moet optree om die akademiese program te beskerm. Ons wil nie akademiese tyd verloor deur die moontlikheid dat die skool moet sluit weens moontlike infeksies nie. Ek vertrou u het begrip vir ons standpunt.

Geniet u naweek.

Vriendelike groete

Jan Krüger
**Skoolhoof**



Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 2080